**Hoërskool Johan Jurgens**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**Graad 8**

**Taak 10 – 29 Oktober 2025**

**Naam:** ______________________________________________________ **Gr 8:** _____

**Eksaminator: E. Van Blerk Heymans** **Moderator: N. Bruwer**
**Tyd: 2 uur** **Totaal: 60 punte**

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae:
   - Vraag 1: Begripstoets [20]
   - Vraag 2: Visuele Geletterdheid [10]
   - Vraag 3: Opsomming [10]
   - Vraag 4: Taalstrukture en -konvensies [20]
2. Beantwoord al die vrae op die antwoordblad.
3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.
4. Skryf netjies en gebruik blou ink.
5. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
6. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## VRAAG 1 – BEGRIPSTOETS

Lees die koerantberig en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

# Tjoppie die skaap: M'baai se oom Ben gesels oor sy troetelskaap wat swem, visvang en harte steel.



1 Hulle is soos vinkel en koljander. Waar Bennie Badenhorst van Mosselbaai gaan, daar sal jy vir Tjoppie die skaap ook sien. En die skaap vermurwe *(melts)* die harte van almal op die dorp.

2 ‘n Mens sou dink ‘n ding so wollerig soos die meneer sou seker liewer blêr as blaf. Maar hier baljaar hy dan in die branders, volg in sy eienaar se voetspore en gaap die gaste nuuskierig aan, nes ‘n hond sou doen.

3 Kom ons wees nou eerlik: ‘n skaap wat soos ‘n hond optree kan vir baie soos ‘n wolhaarstorie klink.

4 Maar Tjoppie, soos die skaap vir talle op Moselbaai bekend staan, is nie bang om geskeer te word of saam met sy mense in die branders te kerjakker nie.

5 Tjoppie is ‘n basterskaap. Hy is vyf jaar oud en swem reeds soos ‘n Olimpiese swemheld met sy wol wat so langs hom op die water dryf.

6 Sy eienaar Bennie (71), beter bekend as oom Ben, woon al sedert 1989 op Mosselbaai.

7 Hier is oom Ben gereeld saam met Tjoppie en sy drie honde in die strate te sien, of waar hulle saam gaan swem, visvang of stap. Sy honde is Shelley, Annabelle en Tzar.

8 In ‘n ou video van Tjoppie wat na vyf jaar weer soos ‘n veldbrand op sosiale media versprei, kan ‘n mens sien hoe die skaap saam met sy eienaar en Shelley uit die water gehardloop kom, en dan sien jy oom Ben wat met Tjoppie aan ‘n leiband stap - en die mense wat hulle teëkom staar oopmond.

9 “Tjoppie het homself leer swem. Hy skud hom ook af nes ‘n hond,” sê oom Ben en skaterlag vir al die gedierte se manewales. “En almal hier op Mosselbaai ken hom al. Almal hier is vriendelik as hulle my met die skaap sien aankom.”

10 Oom Ben sê die kinders hou veral daarvan om hom te kom vryf. Hulle steek hulle handjies so bangerig uit. Hulle kan nie glo wat hulle sien nie.”

11 Hy het die skaap vyf jaar gelede gekry toe hy nog ‘n klein lammetjie was. Hy werk op ‘n klomp plase, bly self ook op ‘n groot stuk grond, en die skapie is vir hom gegee. Hy het Tjoppie met die hand grootgemaak en moes hom destyds elke twee ure uit ‘n botteltjie voer. “En so het hy saam met my in die huis grootgeword en saam met my en die honde op die bed geslaap.”

12 Hy gaan lê steeds nou en dan saam met oom Ben op die bed, maar hy verkies deesdae sy eie bed: ‘n tent! “En niemand mag daar in gaan nie,” sê oom Ben.

13 Hy woon ‘n klipgooi weg van Diazstrand by Mosselbaai en om saam Tjoppie en sy drie honde na die strand te gaan het ‘n tradisie geword wat hy terdeë geniet. “Hy hou baie van swem en visvang. Wanneer ek gaan visvang, dan gaan swem hy op sy eie. Hy dryf soos ‘n prop as ons swem. Sy wol is weer lank, so nou het hy ‘n ekstra jas aan. Tjoppie is slim, nuuskierig en hy is ‘n skaap met baie karakter.”

14 Vir sy eienaar is Tjoppie net ‘n plesier en hy kan hom nie ‘n lewe sonder Tjoppie indink nie. “Hy leer my baie geduld. My hele lewe lank was ek baie ongeduldig. Ek het

meer geduld sedert ek vir Tjoppie gekry het. Hy is regtig net ‘n plesier vir my. Ek was soos ‘n verlore skaap 28 jaar gelede. Nou is ek die herder van die skaap. “ Tjoppie is mal oor enigiets wat groen is. “My tuin is omtrent kaal geëet soos Tjoppie tekere gaan, maar ek plant maar elke keer weer plante.”

15 Die skaap is ook mal oor lusern en mielies, hy geniet veral koolblare wat oom Ben vir die varke voer.

16 Tjoppie geniet dit om saam met hom in die bakkie te ry. “Ek het ‘n bakkie waarin ek hom rondry. Ek sê net vir hom ‘kom ek gaan nou ry’ dan spring hy in soos ‘n veertjie.

17 En sal Tjoppie ooit ‘n tjop word?

18 “Nee, hy sal nooit ‘n tjoppie word nie. Hy gaan in ‘n graffie in.”

*Verwerk uit Netwerk24.com*

1.1 Waarmee word Tjoppie die skaap vergelyk in paragraaf 2 en 3? (1)

1.2 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. (1)

‘n Wolhaarstorie beteken **(iets is nie die waarheid nie/diere storie)**.

1.3 Sou jy ‘n skaap as ‘n troeteldier wou hê? (1)

1.4 Haal TWEE woorde aan wat sê Tjoppie kan goed swem. (par. 5) (1)

1.5 Noem DRIE aktiwiteite wat Tjoppie saam die honde doen. (par. 7) (3)

1.6 Hou mense van Tjoppie? Motiveer jou antwoord. (1)

1.7 Hoekom staar die mense oopmond na Tjoppie? (1)

1.8 Wat sal jou reaksie wees as jy ‘n skaap sien swem in die see? (1)

1.9 Wat noem ons ‘n baba skaap? (1)

1.10 Sê in jou eie woorde wat beteken dit om iets “met die hand groot te maak”.(par.11) (1)

1.11 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.

**Tjoppie deel sy tent.** (par. 12) (1)

1.12 Haal TWEE woorde aan wat Tjoppie se karakter beskryf. (par. 13) (2)

1.13 Oom Ben sê Tjoppie leer hom om geduldig te wees. Stem jy saam dat diere jou iets kan leer? (1)

1.14 Wat eet Tjoppie graag? (par. 15) (2)

1.15 Dink jy, jy sal Tjoppie kan slag en eet? (1)

1.16 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (a-d) langs die vraagnommer (1.16) neer. (1)

“Hy sal nooit ‘n tjoppie word nie” (par. 18) beteken ...

a) hy proe lekker.
b) dit is sy naam.
c) niemand sal hom eet nie.
d) hy is ‘n skaap.

**Totaal Vraag 1: 20**

**VRAAG 2 – VISUELE GELETTERDHEID**

Die vrae wat volg is op die plakkaat hieronder gebaseer.

**TEKS B**




| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | In watter koerant het die artikel verskyn? | (1) |
| 2.2 | Noem die dier op die plakkaat. | (1) |
| 2.3.1 | Waarvoor staan DBV? | (1) |
| 2.3.2 | Wat dink jy sal die DBV hiervan sê? | (1) |
| 2.4 | Waar kan jy die berig gaan lees? | (1) |
| 2.5 | Verduidelik wat is die verskil tussen 'n roofdier en 'n troeteldier? | (2) |
| 2.6 | Na wie verwys hulle as hulle praat van "Wollie"? | (1) |
| 2.7 | Wanneer was die artikel in die koerant? | (1) |
| 2.8 | Sal jy jou ongewensde troeteldier skenk? Motiveer jou antwoord. | (1) |

**Totaal Vraag 2: 10**

**VRAAG 3 - OPSOMMING**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

- Skryf **SEWE (7) WENKE** oor die VERSORGING VAN JOU TROETELDIERE neer.
- Skryf jou **SEWE WENKE** puntsgewys onder mekaar neer.
- Nommer die wenke van 1 tot 7
- Laat 'n reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.

**TEKS C**

# Wenke vir die versorging van jou troeteldier

**Net soos om 'n goeie ouer te wees, is daar vaardighede wat jy nodig het om 'n suksesvolle troeteldiereienaar te wees.**

**1** Voor jy 'n troeteldier kry moet jy seker maak dat jy die dier se kos en inspuitings kan bekostig. Troeteldiere kos baie geld, veral wanneer hulle siek is. Veeartsrekeninge is baie duur. As jy nie dit kan bekostig nie is dit beter om nie 'n troeteldier te hê nie.

**2** Honde moet gereeld vir stappies gevat word. Honde het baie oefening nodig, hulle word stout en onbeheerbaar wanneer hulle op die werf gehou word. As jy nie bereid is om gereeld jou hond vir 'n stappie te neem nie is dit beter dat jy nie 'n hond kry nie.

**3** Hou daagliks by dieselfde roetine vir jou diere. Troeteldiere hou van roetine en wil weet dat hulle elke dag op dieselfde tyd kos gaan kry. Sit die kos neer, los dit vir 'n halfuur en vat dit dan weg, anders sal jou hond aanhou vreet.

**4** Troeteldiere het vars water nodig elke dag. Dit is 'n goeie idee om die water in die koelte te sit sodat dit nie warm word in die son nie.

**5** Jy moet nooit jou troeteldier slaan of pakgee nie. Diere kan aan jou stemtoon hoor of jy kwaad of gelukkig is oor wat hulle gedoen het. Jy moet ook kyk dat jou kleingoed nie jou troeteldier seer maak nie.

**6** Kry vir jou troeteldier 'n ID-etiket met sy naam op en jou telefoonnommer. Troeteldiere raak dikwels weg. Indien jou troeteldier dan wegraak kan iemand jou kontak.

**7** Jou troeteldier het goeie sorg nodig selfs wanneer jy met vakansie is.Jou troeteldier is jou verantwoordelikheid, wanneer jy weggaan moet jy reël vir 'n diereoppasser of 'n dierehotel.


*Aangepas uit Netwerk 24*

**Totaal Vraag 3: 10**

**VRAAG 4 - TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

Lees die voorblad van die boek en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS D**




https://www.google.com/search?q=troeteldier+spotprent&sca_esv=86eadaac309410d3&sxsrf=AE

4.1.1 Benoem die LEESTEKEN in die titel van die boek. (1)

4.4.2 Wat is die FUNKSIE van bogenoemde leesteken? (1)

4.2 Verbind die volgende sinne deur die VOEGWOORD in hakies te gebruik. (1)

Ek wil graag ‘n hond hê. Ek gaan na die troeteldierwinkel. (daarom)

4.3 Skryf die sin in die VERLEDE TYD. (1)

Karel is in die troeteldierwinkel.

4.4 Identifiseer die BYWOORD VAN TYD in die volgende sin. (1)

Karel koop elke jaar ‘n nuwe voëltjie vir sy voëlhok.

4.5 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE. (1)

Karel sê: “ Ek soek nie ‘n kat nie.”

4.6 Beantword die vraag in die ONTKENNENDE VORM. (1)

Hou iemand van slange?

**Begin met:** Nee, ...

4.7 Benoem die VETGEDRUKTE woord. (1)

Gelukkig is die slang **in** die hok!

4.8 Voltooi die VERGELYKING deur die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies te kies. (1)

Hy het ‘n geheue soos ‘n **(padda/goudvis).**

4.9 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE. (1)

(elke maand) (nuwe kos) (Karel koop) (vir sy kat.)

**[10]**

Lees die artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

## Feite oor troeteldiere

- Mense lag **4.10 (maklik)** as hulle saam met ‘n **4.11 (troeteldier)** is as wanneer hulle saam met ‘n ander mens is.
- As ‘n mens ‘n dier vryf, word jou **4.12 (bloed + druk)** laer, klop jou hart stadiger en die cholesterol in jou **4.13 (rooi)** word minder.
- Mense wat troeteldiere het, gebruik minder medisyne as mense sonder troeteldiere.
- Mense met troeteldiere gaan ook minder **4.14 (dokter)** toe as mense sonder troeteldiere.
- Mense wat **4.15 (hond)** as troeteldiere het, is fikser en gesonder as mense sonder troeteldiere omdat hulle met hulle hond gaan stap.
- Hospitaal **4.16 (pasiente)** met troeteldiere is gouer gesond genoeg om terug huis toe te gaan as pasiënte sonder diere. Hulle mis hulle diere en is bekommerd oor hulle.

**4.17 (Oud)** mense wat **4.18 (alleen)** bly, maar troeteldiere het, lewe langer as ou mense wat heeltemal op hul **4.19 (eie / uie)** bly.

*Afrikaans Sonder Grense Onderwysersgids*

4.10 Gee die **VERGROTENDE TRAP** vir die woord tussen hakies. (1)
4.11 Gee die **VERKLEININGS VORM** van die woord tussen hakies. (1)
4.12 Maak ‘n **SAMESTELLING** van die woorde tussen hakies. (1)
4.13 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies. (1)
4.14 Gee die **AFKORTING** van die woord tussen hakies. (1)
4.15 Skryf die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies. (1)
4.16 Plaas die korrekte **SKRYFTEKEN** op die woord tussen hakies. (1)
4.17 Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen hakies. (1)
4.18 Gee ‘n **ANTONIEM** van die woord tussen hakies. (1)
4.19 Kies die korrekte **HOMOFOON** uit die woorde tussen hakies. (1)

**[10]**

**Totaal Vraag 4: 20**

**Groottotaal: 60**

**Hoërskool Johan Jurgens**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**Graad 8**

**Taak 10 – November Eksamen 2025**

**Nasienriglyne**

## VRAAG 1: LEESBEGRIP

### TEKS A: ARTIKEL

| | | | 20 | 20 | 40 | 20 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| | | PUNT | LETTERLIK | HERORGANISASIE | AFLEIDING | EVALUERING | WAARDERING |
| 1.1 | ‘n Hond | 1 | | | 1 | | |
| 1.2 | Iets is nie die waarheid nie. | 1 | | | 1 | | |
| 1.3 | Ja, skape is sag en oulik.<br>Nee, skape maak my bang./ Skape moet buite op ‘n plaas bly.<br>(enige toepaslike rede) | 1 | | | | 1 | |
| 1.4 | Olimpiese swemheld | 1 | | 1 | | | |
| 1.5 | Swem, visvang en stap. | 3 | 3 | | | | |
| 1.6 | Mense hou van Tjoppie, hulle is altyd vriendelik as hulle hom sien. | 1 | | | 1 | | |
| 1.7 | Hulle kan nie glo wat hulle sien nie./ Hulle is verstom/ verbaas. | 1 | | | 1 | | |
| 1.8 | My mond sal oop hang. / ek sal nie my oë kan glo nie. | 1 | | | | 1 | |
| 1.9 | Lammetjie | 1 | | | 1 | | |
| 1.10 | Jy voer hulle met ‘n bottel. | 1 | | | 1 | | |
| 1.11 | Onwaar, niemand mag in sy tent in gaan nie. | 1 | | | 1 | | |
| 1.12 | Slim en nuuskierig | 2 | | 2 | | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.13 | Ja, diere kan ons leer om beter te wees.<br>Nee, diere is diere en kan jou niks leer nie.<br>(enige toepaslike rede kan aanvaar word.) | 1 | | | | 1 | |
| 1.14 | Luseren, mielies en koolblare (enige 2) | 2 | 2 | | | | |
| 1.15 | Ja, hy is ‘n skaap en moet geëet word.<br>Nee, jy kan  nie jou troeteldier eet nie.<br>(enige toepaslike rede kan aanvaar word.) | 1 | | | | | 1 |
| 1.16 | C – niemand sal hom eet nie. | 1 | | | 1 | | |
| | | **20** | **5** | **3** | **8** | **3** | **1** |

**VRAAG 2 : VISUELE GELETTERDHEID**

**‘n Advertensie**

| | | PUNT | VLAK 1 LETTERLIK | VLAK 2 HERORGANISASIE | VLAK 3 AFLEIDING | VLAK 4 EVALUERING | VLAK 5 WAARDERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Die Burger | 1 | 1 | | | | |
| 2.2 | Dis ‘n leeu | 1 | | 1 | | | |
| 2.3.1 | Diere Beskermings Vereninging | 1 | | | 1 | | |
| 2.3.2 | Hulle sal dit nie toelaat nie.<br>Hulle sal daar teen stry.<br>Hulle sal dalk ook diere stuur.<br>(Enige soortgelyke antwoord) | 1 | | | | 1 | |
| 2.4 | Netwerk24.com | 1 | | 1 | | | |
| 2.5 | ‘n Roofdier vang gewoonlik sy eie prooi en ‘n troeteldier word gevoer deur sy eienaar.<br>Of<br>Roofdiere bly in die wild en troeteldiere bly in jou huis. | 2 | | | 2 | | |
| 2.6 | Wollie verwys na jou ongewensde troeteldier. | 1 | | | 1 | | |
| 2.7 | Woensdag, 6 Augustus 2025 | 1 | | 1 | | | |
| 2.8 | Nee, dis wreed.<br>Ja, as die dier oud is.<br>(Enige gepaste rede) | 1 | | | | | 1 |
| | | 10 | **1** | **3** | **4** | **1** | **1** |

**VRAAG 3: OPSOMMING**

**Nasienriglyne**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- Puntetoekenning: 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)

  3 punte vir taal

  Totaal punte: 10

- Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:

  1–3 korrekte feite: 1 punt

  4–5 korrekte feite: 2 punte

  6–7 korrekte feite: 3 punte

- Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:

  6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie

  4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken

  2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken

Let op: Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar een daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

Indien die kandidaat net een direkte aanhaling as korrekte feit aanbied, en verder geen korrekte feite het nie, kry die kandidaat 1 punt vir die direkte aanhaling en 0 vir taal. In hierdie geval kry die kandidaat dus 1/10 vir die opsomming.

LET WEL:

- Getal woorde:

Nasieners moet die getal woorde verifieer.

Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.

Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde aan lees ná die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| | | Inleiding = geen feit |
| 1 | **Voor jy ‘n troeteldier kry moet jy seker maak dat jy die dier se kos en inspuitings kan bekostig.** Troeteldiere kos baie geld, veral wanneer hulle siek is. Veeartsrekeninge is baie duur. As jy nie dit kan bekostig nie is dit beter om nie ‘n troeteldier te hê nie. | Maak seker jy kan jou troeteldier bekostig. |
| 2 | **Honde moet gereeld vir stappies gevat word.** Honde het baie oefening nodig, hulle word stout en onbeheerbaar wanneer hulle op die werf gehou word. As jy nie bereid is om gereeld jou hond vir ‘n stappie te neem nie is dit beter dat jy nie ‘n hond kry nie. | Neem jou hond vir stappies. |
| 3 | **Hou daagliks by dieselfde roetine vir jou diere.** Troeteldiere hou van roetine en wil weet dat hulle elke dag op dieselfde tyd kos gaan kry. Sit die kos neer, los dit vir ‘n halfuur en vat dit dan weg, anders sal jou hond aanhou vreet. | Voer jou dier op dieselfde tyd elke dag. |
| 4 | **Troeteldiere het vars water nodig elke dag.** Dit is ‘n goeie idee om die water in die koelte te sit sodat dit nie warm word in die son nie. | Gee elke dag vir jou troeteldier vars water. |
| 5 | **Jy moet nooit jou troeteldier slaan of pakgee nie.** Diere kan aan jou stemtoon hoor of jy kwaad of gelukkig is oor wat hulle gedoen het. Jy moet ook kyk dat jou kleingoed nie jou troeteldier seer maak nie. | Moenie jou diere slaan nie. |
| 6 | **Kry vir jou troeteldier ‘n ID-etiket met sy naam op en jou telefoonnommer.** Troeteldiere raak dikwels weg. Indien jou troeteldier dan wegraak kan iemand jou kontak. | Voorsien jou diere van ‘n ID-etiket. |
| 7 | **Jou troeteldier het goeie sorg nodig selfs wanneer jy met vakansie is.** Jou troeteldier is jou verantwoordelikheid, wanneer jy weggaan moet jy reël vir ‘n diereoppasser of ‘n dierehotel. | Reël vir goeie sorg wanneer jy weggaan. |

| | VRAAG 4 – TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIE | PUNT | VLAK 1 LETTERLIK | VLAK 2 HERORGANISASIE | VLAK 3 AFLEIDING | VLAK 4 EVALUERING | VLAK 5 WAARDERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 40% | | 40% | | 20% |
| 4.1.1 | Vraagteken | 1 | | 1 | | | |
| 4.1.2 | Dui ‘n vraag aan.<br>Staan aan die einde van ‘n vraag.<br>Word gebruik saam met ‘n vraagwoord.<br>(Enige iets soortgelyk) | 1 | | | | | 1 |
| 4.2 | Ek wil graag ‘n hond hê daarom gaan ek na die troeteldierwinkel. | 1 | | | | 1 | |
| 4.3 | Karel was in die troeteldierwinkel. | 1 | | | 1 | | |
| 4.4 | Elke jaar | 1 | | | 1 | | |
| 4.5 | Karel sê dat hy nie ‘n kat soek nie.<br>Of<br>Karel sê hy soek nie ‘n kat nie. | 1 | | | | 1 | |
| 4.6 | Nee, niemand hou van slange nie. | 1 | | | | 1 | |
| 4.7 | Voorsetsel | 1 | | | 1 | | |
| 4.8 | Goudvis | 1 | | | 1 | | |
| 4.9 | Karel koop elke maand nuwe kos vir sy kat. | 1 | | | 1 | | |
| 4.10 | Makliker | 1 | | 1 | | | |
| 4.11 | Troeteldiertjie | 1 | 1 | | | | |
| 4.12 | Bloeddruk | 1 | 1 | | | | |
| 4.13 | Bloedrooi | 1 | | 1 | | | |
| 4.14 | Dr. | 1 | | 1 | | | |
| 4.15 | Honde | 1 | | 1 | | | |
| 4.16 | pasi**ë**nte | 1 | | | 1 | | |
| 4.17 | Ou | 1 | | | 1 | | |
| 4.18 | Saam | 1 | | 1 | | | |
| 4.19 | Eie | 1 | | | 1 | | |
| | | 20 | 2 | 6 | 8 | 3 | **1** |

**Groottotaal: 60**

**Hoërskool Dr Johan Jurgens**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**Graad 8**

**November Eksamen 2025**

**ANTWOORDBLAD**

**Naam:** ____________________________________________________ **Gr 8**_____

| Begripstoets | Visuele teks | Opsomming | Taal | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|
| /20 | /10 | /10 | /20 | /60 | |

**Vraag 1**

**1.1** ______________________________________________________________ **(1)**

**1.2** ______________________________________________________________ **(1)**

**1.3** ______________________________________________________________ **(1)**

**1.4** ______________________________________________________________ **(1)**

**1.5** ______________________________________________________________ **(3)**

**1.6** ______________________________________________________________

______________________________________________________________ **(1)**

**1.7** ______________________________________________________________ **(1)**

**1.8** ______________________________________________________________ **(1)**

**1.9** ______________________________________________________________ **(1)**

**1.10** _____________________________________________________________ **(1)**

**1.11** _____________________________________________________________ **(1)**

1.12 ________________________________________ (2)

1.13 ________________________________________

________________________________________ (1)

1.14 ________________________________________ (2)

1.15 ________________________________________ (1)

1.16 ________________________________________ (1)

**[20]**

**Vraag 2**

2.1 ________________________________________ (1)

2.2 ________________________________________ (1)

2.3.1 ________________________________________ (1)

2.3.2 ________________________________________ (1)

2.4 ________________________________________ (1)

2.5 ________________________________________

________________________________________ (2)

2.6 ________________________________________ (1)

2.7 ________________________________________ (1)

2.8 ________________________________________ (1)

**[10]**

**Vraag 3 - Skryf slegs jou finale poging op die antwoordblad.**

**Vraag 4**

**4.1.1** ______________________________ **(1)**

**4.1.2** ______________________________ **(1)**

**4.2** ______________________________ **(1)**

**4.3** ______________________________ **(1)**

**4.4** ______________________________ **(1)**

**4.5** ______________________________ **(1)**

**4.6** ______________________________ **(1)**

**4.7** ______________________________ **(1)**

**4.8** ______________________________ **(1)**

**4.9** ______________________________ **(1)**

**4.10** ________________ **(1)** **4.11** ________________ **(1)**

**4.12** ________________ **(1)** **4.13** ________________ **(1)**

**4.14** ________________ **(1)** **4.15** ________________ **(1)**

**4.16** ________________ **(1)** **4.17** ________________ **(1)**

**4.18** ________________ **(1)** **4.19** ________________ **(1)**

**[20]**

**Groottotaal: 60 punte**